



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2024

EKONOMIE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

Hosted by <https://www.ecexams.co.za>

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:
AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord enige TWEE van die drie vrae.
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord.
5. Lees die vrae aandagtig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae.
8. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**30 PUNTE – 20 MINUTE****VRAAG 1**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Die metode om BBP te bereken waardeur vergoeding van werknemers in ag geneem word, word die ... -metode genoem.

- A inkomste
- B produksie
- C toegevoegde waarde
- D besteding

1.1.2 'n Sakesiklus wat deur veranderinge in die bou- en konstruksiebedryf veroorsaak word, word die ... -siklus genoem.

- A Jugler
- B Kondratieff
- C Kitchin
- D Kuznets

1.1.3 Die regeringsvlak wat uit metropole, distrikte en munisipaliteite bestaan, word 'n ... regering genoem.

- A provinsiale
- B buitelandse
- C plaaslike
- D sentrale

1.1.4 Die verskil tussen sigbare uitvoere en sigbare invoere staan as ... bekend.

- A ruilvoet
- B handelsbalans
- C handelsliberalisering
- D handelsprotokol

1.1.5 Besteding wat plaasvind ongeag die vlak van inkomste, word ... genoem.

- A geïnduseerde verbruik
- B outonome verbruik
- C staatsuitgawes
- D private besteding

1.1.6 'n Ekonomiese aanwyser wat die algemene rigting toon waarin die ekonomie beweeg, word na as die ... verwys.

- A lengte
- B amplitude
- C tendenslyn
- D ekstrapolasie

1.1.7 'n Plig van 'n individu of organisasie om hul besluite en optrede te verduidelik en verantwoordelikheid vir hul gedrag te aanvaar, staan as ... bekend.

- A doeltreffendheid
- B eiebelang
- C ondoeltreffendheid
- D aanspreeklikheid

1.1.8 'n Afname in die waarde van die geldeenheid as gevolg van markkragte staan as ... bekend.

- A depresiasie
- B appresiasie
- C revaluasie
- D evaluering

(8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Lekkasies	A	spesiale vorm van krediet wat die IMF kan gebruik wanneer 'n land betalingsbalans probleme ondervind
1.2.2	Nuwe ekonomiese paradigma	B	goedere wat voordele vir hul verbruikers en die ekonomie inhou
1.2.3	Meriete goedere	C	die proporsie bykomende inkomste wat huishoudings kies om aan goedere en dienste te bestee
1.2.4	Spesiale onttrekkingsregte	D	'n som van belasting, invoere en besparings in 'n sirkelvloei
1.2.5	Marginale verbruik-geneigdheid	E	die regeringsbeleid wat daarop gemik is om ekonomiese groei te skep sonder om inflasie te veroorsaak
1.2.6	Kontantreserwe-vereistes	F	koop van finansiële bates soos aandele in maatskappye op die aandelebeurs van 'n ander land
1.2.7	Parastatale	G	goedere wat moontlik skadelik vir die samelewing is
1.2.8	Portefeulje-belegging	H	besighede wat geheel of gedeeltelik deur die staat besit word en deur 'n openbare owerheid bestuur word
		I	gebruik word om die geldvoorraad te beheer deur die koop en verkoop van staatseffekte

(8 x 1)

(8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

1.3.1 'n Ekonomie wat die buitelandse sektor insluit

1.3.2 Die punt waar ekonomiese inkrimping op sy laagste is

1.3.3 Die gebruik van belasting en staatsuitgawes om makro-ekonomiese doelwitte te bereik

1.3.4 Die wêreldwye integrasie van ekonomieë met handel as 'n belangrike element

1.3.5 'n Raming van inkomste en uitgawes vir 'n tydperk van drie jaar tydens die begrotingsproses

1.3.6 'n Toename in die produksie van goedere en dienste van 'n land gedurende 'n tydperk, gewoonlik 'n jaar (6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B**VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE****40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van openbare goedere. (2)

2.1.2 Hoe kan mededinging totale aanbod stimuleer? (2)

2.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

VERMENIGVULDIGER IN 'N TWEE-SEKTOR-EKONOMIE

Land **Y** het slegs twee deelnemers en het 'n marginale verbruiksgeneigdheid van 0,6.

Die land se outonome verbruik is 30. Die ewewig nasionale inkomste is 75.

[Aangepas uit *Clever Economics*, bl. 163]

2.2.1 Identifiseer 'n term wat verwys na besteding, wat nie van inkomste afhang nie. (1)

2.2.2 Noem EEN deelnemer in 'n geslote ekonomie. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die konsep *vermenigvuldiger*. (2)

2.2.4 Verduidelik die impak van 'n toename in besparings op die waarde van die vermenigvuldiger. (2)

2.2.5 Teken 'n goed-benoemde grafiek van 'n vermenigvuldiger deur die inligting uit die uittreksel te gebruik. (4)

2.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Burokrasie

The Conversation

Suid-Afrikaanse politici, en nie burokrate, stand in die pad van 'n professionele staatsdiens

S SowetanLIVE

Burokrasie verhinder vinnige optrede teen die energiekrisis, sê die presidensie se DG, Phindile Baleni.

GroundUp

Paaie val uitmekaar terwyl burokrasie teen slakkepas in Mamelodi beweeg

[Bron: www.eneews.co.za op 01 Januarie 2023.]

- 2.3.1 Identifiseer 'n rede vir openbare sektor mislukking uit die inligting hierbo. (1)
- 2.3.2 Noem EEN kenmerk van fiskale beleid. (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die term *openbare sektor mislukking*. (2)
- 2.3.4 Verduidelik die impak van hoë staatskuld op die voorsiening van openbare goedere en dienste. (2)
- 2.3.5 Hoe kan mislukking in die openbare sektor die ekonomie beïnvloed? (4)

2.4 Bespreek kortliks die reële (werklike) sakesiklus sonder die grafiek. (8)

2.5 Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die gehalte van openbare sektorvoorsiening verbeter? (8)

[40]

VRAAG 3: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE aanwysers wat in vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word. (2)

3.1.2 Hoe kan inkomstebelasting kerwe belastingbetalers beïnvloed? (2)

3.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Vooruitskatting is 'n tegniek wat historiese data as insette gebruik om ingeligte ramings te maak wat voorspellend is om die rigting van toekomstige tendense te bepaal.

Ná die wêreldwye finansiële krisis (WFK) van 2008–09, het die Suid-Afrikaanse ekonomie vir meer as 'n dekade 'n ongewone sakesiklus beleef. Die globale ekonomiese herstel ná WFK was relatief ongelyk, met swak ekonomiese groei en lae rentekoerse.

[Aangepas uit [Investopedia.com](https://www.investopedia.com)]

3.2.1 Identifiseer 'n sakesiklus fase uit die uittreksel hierbo. (1)


3.2.2 Noem EEN tipe sakesiklus. (1)

3.2.3 Verduidelik kortliks die term *sakesiklusse*. (2)

3.2.4 Verduidelik die belangrikheid van bewegende gemiddeldes as 'n kenmerk wat in vooruitskattings gebruik word. (2)

3.2.5 Hoekom is dit belangrik vir ekonome om voorspellings te maak? (4)

3.3 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 3.3.1 Identifiseer 'n diagram hierbo wat 'n toename in die aantal toeriste van die VSA na Suid-Afrika voorstel. (1)
- 3.3.2 Noem die wisselkoersstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word. (1)
- 3.3.3 Beskryf kortliks die term *wisselkoers*. (2)
- 3.3.4 Verduidelik die impak op die rand as die aantal toeriste van Suid-Afrika na die VSA afneem. (2)
- 3.3.5 Watter voordele kan lande van die wêreld uit internasionale handel verkry? (4)
- 3.4 Bespreek die endogene (Keynesiaanse) verduideliking van sakesiklusse. (8)
- 3.5 Hoe kan die nasionale begroting sosio-ekonomiese regte bevorder? (8)
- [40]**


VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE kenmerke van openbare sektor mislukking. (2)

4.1.2 Hoe kan die regering belasting gebruik om ekonomiese herstel te stimuleer? (2)

4.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Identifiseer die belastingkoers waarteen die regering belastinginkomste maksimeer. (1)


4.2.2 Noem enige vorm van indirekte belasting wat huishoudings aan die regering betaal. (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *progressiewe belasting*. (2)

4.2.4 Verduidelik die effek van 'n regressiewe belastingstelsel op inkomsteverdeling. (2)

4.2.5 Hoekom sal belastinginkomste afneem as die regering baie hoë belastingkoerse instel? (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 4.3.1 Identifiseer die tydperk met die laagste repokoers in die inligting hierbo. (1)
- 4.3.2 Noem die komitee wat verantwoordelik is vir rentekoersbesluite in Suid-Afrika. (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die term *repokoers*. (2)
- 4.3.4 Verduidelik die verband tussen inflasie en werkloosheid in die Phillips-kromme. (2)
- 4.3.5 Hoe kan morele oorrading gebruik word as 'n instrument om die oorverhitte ekonomie af te koel? (4)
- 4.4 Bespreek kortliks *prysstabiliteit* en *ekonomiese regverdigheid* as makro-ekonomiese doelwitte. (8)
- 4.5 Hoe sal produsente op die verskillende fases van die sakesiklus reageer? (8)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag van die TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding <ul style="list-style-type: none"> Die inleiding is 'n laerorde-antwoord. 'n Goeie beginpunt is om die sleutelkonsep wat met die vraag verband hou, te definieer of te omskryf. MOENIE enige deel van die vraag by die inleiding insluit NIE. MOENIE enige deel van die inleiding by die liggaam herhaal NIE. Vermag dit om in die inleiding te noem wat jy in die liggaam gaan bespreek. 	Maks. 2
Liggaam: Hoofgedeelte: Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/Ondersoek/Bespreek krities/Analiseer/Vergelyk/Evalueer/Onderskei/Verduidelik/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die grafiek gegee en verduidelik/Voltooi die grafiek gegee/Assesseer/Debatteer 'n Maksimum van 8 punte kan vir opskrifte/voorbeelde toegeken word. Bykomende gedeelte: Bespreek krities/Evalueer/Evalueer krities/Debatteer/Lei af/Vergelyk/Onderskei/Interpreteer/Hoe?/Stel voor 'n Maksimum van 2 punte kan vir die blote noem van feite toegeken word.	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoërorde-slot behoort die volgende in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> 'n Kort samevatting van wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is Bykomende ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra Aanbevelings 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek in detail die markte binne die vier-sektor model. (26 punte)
- Hoe kan die toename in inspuitings 'n impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek volledig die redes vir internasionale handel. (26 punte)
- Hoe kan 'n geldeenheid (rand) depresiasie die ekonomie beïnvloed? (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

